

Bries Breeze

DESEMBER/DECEMBER 2004

ROOIELS BELASTINGBETALERSVERENIGING (REBV) POSBUS 89 BETTYSBAAI 7141
ROOIELS RATEPAYERS' ASSOCIATION (RERA) PO BOX 89 BETTY'S BAY 7141

EDITORIAL

My eye catches a splash of yellow on the barren mountainside where the fire raged only a few months ago. I wander up the mountain and am amazed. Amazed at the abundance, the resilience and creativity of nature. I lie down among the yellow flowers and see a life pulsing vibrantly around me. A carefully crafted cycle of micro-organisms, flowers and insects all drawing nourishment from sun, rain and soil. There are birds feeding on the insects feeding on the flowers. I watch life creating and sustaining new life. For a moment, I too am part of this. I think about how everything on this earth was made to serve the other, how nothing can exist without the other. Our very lives and the fabric of our bodies are built from others.

When I look at the Breeze, I see reflected in the hearts of Rooielsers an appreciation for the abundance and beauty of our exceptional natural environment. When it comes to issues such as subdivision and creeping suburbia, I see resilience in the way Rooielsers stand to protect of the character of Rooiels. I remember the Rooielsers who have gone before - caring about Rooiels, hacking out aliens, serving passionately on community organisations and local councils. This spirit has become the fabric and building blocks of our community ethos and vision.

It is an ethos and vision which is a creative one, one which is continually fed and enriched through the way we live our lives here. Just like the natural environment, we continuously co-create our community as we find new ways of interacting constructively with one another and of taking responsibility for our actions toward each other and the environment. Responsibility means living more consciously: being respectful towards the beauty of life around us, conscious of the effect we have on one another and mindful of the impact each action may have on the natural environment. So this amazing cycle of nourishment continues - as we take care of Rooiels, it also nourishes and sustains us. Rooiels is a place to honour life - tread lightly, there are many miracles underfoot.

ESTELLE RAYMOND
eraymond@mweb.co.za



"THOSE WHO CONTEMPLATE THE BEAUTY OF THE EARTH, FIND RESERVES OF STRENGTH THAT WILL ENDURE AS LONG AS LIFE LASTS"

- RACHEL CARSON

FROM THE CHAIR

TOWARDS DEBATE, DIALOGUE & DISCUSSION - DEVELOPING CONSENSUS IN A COMMUNITY FORUM FOR ROOIELS

At the outset of the year, the RERA Executive agreed that it's major objective for the year was to try to create a community forum that draws in all organisations in the community.

We firmly set our view that debate and dialogue will be central to all our efforts to conserve the Rooiels village and our natural environment. The first forum meeting of community organisations was held towards the end of July and dealt with Rooiels Roads, Walkways & Parking. Facilitated by Chris Burlock, difficult issues were discussed and a consensus view developed by those representing their constituencies.

This matter is now being taken forward by the Overstrand Municipality who has undertaken to engage with all stakeholders prior to setting a municipal policy for Rooiels.

This approach has a number of benefits. Firstly, small organisations are treated equally to larger organisations and have an equal voice in setting the parameters for solving issues. Secondly, the process is accessible to all in the Rooiels community - it is dynamic and benefits from new opportunities as they arise. Thirdly, the municipal structures are engaged with in a progressive partnership manner, encouraging them to reach community needs at a more satisfactory level; rather than berating them for lack of delivery.



THE 2004 RERA EXCO TEAM
FRONT: ROB FRYER (SECR. & ROADS), JULIA AALBERS (CHAIR) SHIRLEY RICHTER (HACKS & FEDERATION)
BACK: JOHN HOFFMAN (CONSERVATION) ANDREAS CLAASSENS (VICE CHAIR & PRO), GRIZELDA HALL (BUILDING) MIKE HARRISON (SMALLHOLDINGS & COUNCIL WATCH)

We believe that this inclusive approach to doing things in Rooiels builds relationships and a sense of community. It is a way of building, rather than breaking down. We believe it is the way forward. So, if you are a RERA member, come to the RERAAGM. If you are not a RERA member, engage with your chosen organisation and show that the process matters.

JULIA AALBERS
CHAIRPERSON RERA
(021) 976-4378

ON THE AGENDA:

FEDERATION OF RATEPAYERS' ASSOCIATIONS

NATURE RESERVES

The Federation wants the disbanded Municipal Environmental Advisory Committee resurrected.

KELP HARVESTING

There is concern regarding the manner of kelp harvesting and the exploitation of this resource.

I.D.P AND BUDGET

A copy of the operational budget is available for inspection at the Kleinmond library. The budgetary process is very unwieldy and frustrating for those who have to participate in the process.

LAW ENFORCEMENT

The Federation would like to see more law enforcement.

ARABELLA PROJECT

The Federation has written to Enviro Africa objecting to Phase 2 of the Arabella project. It has been reported that Phase 2 will consume 266 million litres of water per annum which in turn could supply 29,000 people with water for a year.

KOBIO

Kobio is in need of support so that it can continue its work of protecting our biosphere.

HOUSE LETTING POLICY

The Federation feels that there should be a policy document to guide homeowners when letting their properties.

SHIRLEY RICHTER



VAKANSIEPROGRAM VOL PRET

Rooiels is besig om sy vere reg te skud vir 'n opwindende vakansieprogram. Die Rooiels Belastingbetalers Vereniging (RERA) is hard aan die werk om weer 'n program vir die feestyd te reël. Soos gewoonlik word 'n groot verskeidenheid van aktiwiteite vir al wat leef en beef beplan.

Die feestelikeheid word afgeskop met 'n **Rooiels Wind en Water Gemeenskapsdag** op Saterdag 18 Desember om 17:00 op die grasperk van die Mödingers, erf 372 Lovers Walk. Daar sal Boule (Petanque) en Jukskei gespeel word. Kom wen groot pryse! Hettie Claassens sal sorg vir 'n eg-Spaanse paella wat gratis bedien sal word totdat die vure aangesteek word waar 'n vleisie gebraai kan word. Bring u eie vleis en slaai en kuier lekker saam. Onthou u eie drinkgoed! Dis noodsaaklik om vooraf te bespreek teen R15 per persoon by enige van die Rooiels winkels/besighede.

Op Maandagoggend 20 Desember lei Anuta Scholtz 'n groep na die **Kogelberg Biosfeer Reservaat** om die ongekende skoonheid daarvan te geniet. Ons stap in die hart van die reservaat 'n rustige paar kilometer met die rivierwandelpad tot waar 'n lekker laat ontbytpiekniek uitgepak kan word. Daar is heelwat geleentheid om in die magiese poele van die Palmietrivier te swem. Dus, bring swemklere saam, en trek gemaklike stapskoene of sandale aan. Moenie sonbrandolie en hoedens vergeet nie. Dit is nodig om 'n permit te bekom - bring die beursie ook saam. Ons vertrek om 8:00 met motors vanaf die CBD. Skakel Anuta by 028 273 8539.

Op Woensdag 22 Desember gaan die vriendelike manne van die **Bootklub** weer heeldag gereed staan om mense met hulle bote uit te neem - as die weer saamspeel. Dit is nou vir die Rooielsers wat nooit die geleentheid kry om Rooiels van die see se kant af te sien nie, of om self kreef van 'n boot te trek nie - onthou dus u kreeflisensie. Om dit makliker vir die bootmanne te maak, is dit nodig om vooraf 'n boot te bespreek deur Basil by 028 273 8575 of 083 280 0163 te skakel.

Mense praat steeds van die winskopies wat hulle verlede jaar by die eerste **Wit Olifant Verkoop** gekoop het. Vanjaar reël Elizabeth Moss 'n tweede verkoping. Verlede jaar was daar baie breekgoed, lampe, selfs 'n antieke bedstyl. Krap tuis rond, kyk wat u nie die afgelope jaar gebruik het nie, en skenk dit. Die inkomste gaan om plante vir ons ingang te koop en om dit te verfraai. Dit wat nie verkoop word nie, word aan KAWS geskenk - die Kleinond Diere Welsynsorganisasie. Skakel Elizabeth by 028 273 8575 of 083 280 0163. Sy sal haar garagedeure op 27 en 28 Desember van 17:00 - 18:00 oopsluit



EVETTE VERTEL ONS VAN DIE GEHEIME VAN DIE SEE

Louise du Toit beplan weer 'n besondere kunsuitstalling daaglik tussen 10:00 - 17:00 vanaf 23-30 Desember by haar huis, Perspicuaweg 260, waar kunstenaars van Rooiels hulle werke sal uitstal. Vanjaar se tema is **BRAND/FIRE!** Daar sal beeldhouwerk, fotografie, skilderwerk, blommekunswerk, weefwerk, kralerwerk, juwele en wat nog meer te sien wees wat die vernietigende effek van brand sal uitbeeld, maar ook die herlewing en nuwe groei daarna.

Evette Weyers en Andreas Claassens gaan weer heel bedrywig wees met hulle gewilde See-Werkswinkels. Kom deel in hulle kennis op Dinsdag 28 Desember as hulle meer omtrent die **Lewe in Rotspoele** gaan vertel en wys. Almal ontmoet om 10:00 voor die Drummond Arms vanwaar hulle na die poele sal stap. Op 6 Januarie om 14:30 gaan Evette en Andreas die basiese beginsels van snorkel verduidelik en prakties toepas in hulle nuwe werkswinkel: **Snorkel vir Beginners**. Bring snorkeltoerusting saam en ontmoet hulle by die Ottergatbankie in die Rooiels Natuurreseervaat vir 'n nuwe avontuur. Onthou, veral kinders is welkom.

Die baie belangrike **RERA AGM/REBV AJV** vind op Woensdag 29 Desember om 17:00 plaas aan huis van Nic en Hannah te erf 239, Rocklandsweg. Portefeuljeverslae word gelewer en sake wat u en Rooiels raak word bespreek. Dit is sekerlik u belangrikste afspraak op die jaarlikse Rooiels kalender.

Donderdag 30 Desember behoort aan die kinders. Chris Burlock reël weer 'n **Skattejag**, en in die proses leer die kinders meer omtrent die natuur, die biosfeer en brei hulle hul algemene kennis uit met groot pret. Al die kinders versamel om 11:00 voor die Drummond Arms vanwaar 'n groot avontuur op hulle wag...

(VERVOLG OP BLADSY 4)

HEALTH & HACKITT CLUB

The Health & Hackitt club has had a good year with 10 hacks completed. We have had an average of 12 people participating in our monthly hacks and they have worked magnificently cutting down and stacking piles of alien vegetation for municipal collection.

We have worked on both municipal and private property. In the latter cases we ask for donations to cover the costs of maintaining our equipment. Clearing Erf 64 on Bathers Rd for the Boat Club was a major project and at present we are clearing Jeanette Yeats's property (Erf 123 Gazania Rd) which is full of mature Rooikrans trees and other aliens. Seeing and hearing our chain saw gang of Phillip, Dick, Dairmuid and Gerry swinging into action is quite awesome. The amount of material that they cut down presents hard work for the rest of us who have to drag the bushes and sometimes trees to the roadside.

Whilst working on the CBD and koppie areas Chris Burlock single handedly cleared over a hundred smaller plants and seedlings.

The release of the gall midge and seed beetle seems to have been effective in some areas but in others we still see an abundance of rooikrans seed.

My thanks to you all for your efforts and also to those who supplied refreshments after the hack. I would also like to thank Mr Harding and his department for their speedy clearance of material after the hacks.

We welcome new members so PLEASE COME AND JOIN US. Contact Shirley on 028 2738027 or e-mail ian.richter@za.delarue.com if you would like more information about the hack.

SHIRLEY RICHTER

DIE VAKANSIEPROGRAM (VERVOLG)

En dan is daar die ondervinding van 'n leeftyd. Kom beleef die wonder van die eerste sonstrale van 2005 vanaf **Klein-Hangklip** as die nuwe jaar breek. Die son kom op 1 Januarie om 5:35 op en dan wil Geoff Harris alreeds bo op die kop staan (of sit!) om die wonder en koms van nog 'n jaar te beleef. Die roete wat Geoff volg is nie te moeilik nie en die kop word van agter bestyg, maar goeie stapskoene is noodsaaklik, asook water en natuurlik die kristalglase en die Dom Perignon! ('n Rebel-special sal ook doen.) Vertrek per motor stiptelik om 4:20 vanaf die CBD en skakel Geoff by 028 273 8164 of 082 964 1721 om die beste uitsig te bespreek.

Die bou van **Sandkunswerke** of **Sandkastele**, het al 'n instelling op Tweede Nuwejaarsag op die groot strand van Rooiels geword. Vanjaar is die tema: Seelewe. Enige aspek kan uitgebeeld word. Bo die water, langs die water en/of onder die water. Soos gewoonlik trek dit nuuskierige skares en 'n feestelike atmosfeer hang oor die strand - veral as dit by die beoordeling kom. Heerlike pryse is te wen. Die beoordeling sal vanaf 12:00 geskied. Kontak Lida van Dyk by 028 273 8444 of 083 302 5886.

Die vakansieprogram sluit op Saterdag 8 Januarie af, beginnende met die tradisionele **strandskoonmaak** en skoonmaak van ons strate na die vakansiedae. Swart sakke sal verskaf word en ons ontmoet almal vir die groot skoonmaak om 8:00 by die glipweg. Shirley Richter sal weer regstaan en verversings verskaf.

Om 16:30 ruk al wat leef en beef op na die **Rooiels Concervancy AGM/Rooiels Bewarea AJV**. Dit belooft om 'n besondere geleentheid te wees aan huis van Ian en Shirley Richter by 122 Rocklandsstraat. Dit word gevolg deur 'n pikniek en lekker kuier op die Mōdingers se grasperk, 372 Lovers Walk.

U word versoek om die kennisgewingbord dop te hou vir enige wysigings aan die program of bykomende inligting.

GERARD SCHOLTZ
PROGRAM-KOÖRDINEERDER
(028 273 8539/073 543 2334)

FIRST CHRISTMAS FOR CONSERVANCY

The eight months since our Conservancy was registered in March, have flown. Much has happened in our little village. We have endeavoured to keep as many Conservancy members as possible in the picture about developments concerning Conservancy issues. Unfortunately, we have had to rely on communication by hand and word of mouth for those without access to e-mail.

Having been involved from the early days where the Conservancy was still a dream and now involved on a daily basis in trying to stay informed about issues concerning the village and its residents, it is easy, in the thick of things, to lose sight of why it is we have opted to become a conservancy.

The role of the Conservancy has entailed keeping a watching brief on events and development plans that may affect the character of the village; reacting to those developments as necessary; encouraging builders and architects to adopt more eco-friendly methods; trying to get Nature Conservation to maintain the reserve; liaising with conservation bodies, other villages in our district and the Municipality; watching for poachers and burglars; welcoming new members and capturing all the issues that people bring to our attention. These are over and above the daily tasks many set themselves to promote the tidiness and attractiveness of the village.

Many members are also involved in projects that serve the larger community - serving on conservation bodies, attending ward meetings, education projects, animal welfare, keeping track of municipal papers to evaluate projects and developments that may impact on the village in the long run, to name a few. These works are quietly undertaken by those who seek no fanfare or attention. The spirit of community is one of the two aims of our Conservancy ethos. Having lived here for three years as a 'permanent resident' and serving on the Conservancy EXCO, I am proud to report that community spirit is alive and well and growing in the village.

Die tweede arm van die BEWAREA se etos is bewaring in al sy aspekte. En as jy die dag sien hoe baljaar die klein bobbejaantjies aan Paul Zwick-hulle se klimraam en 'n ander dag kom wys die walvis haar kalfie vir jou, so naby dat ons na haar kan uitswem in 'n paar hale; sien hoe selfs die dolfyne saam met haar feesvier oor die kalm see, blou lug en sonskyn, dan weet ons waarom ons hier wil woon of vakansie wil hou en waarom ons, teen alle koste, ons pragtige omgewing wil bewaar.

With the ideals of community spirit and conservation becoming healthily entrenched in our community, it bodes well for the future of all Rooi Els residents, every man, flower and beast.

Currently we are 95 properties strong (79 owners). Hopefully by 8 January at the AGM, we shall be able to announce 100 properties representing a third of Rooi Els properties.

DEBBY DEVRIES
CHAIRPERSON CONSERVANCY
TEL 028 2738037



THE OTTER LOGO WAS ADOPTED FOR THE ROOI ELS CONSERVANCY AT THE FIRST GENERAL MEETING 1 MAY 2004. IT WAS DESIGNED BY CHRIS BURLOCK.

THE OTTER IS CONSIDERED TO BE A GOOD BAROMETER OF HOW HEALTHY THE ENVIRONMENT IS IN A PARTICULAR REGION. IT WAS CHOSEN TO SYMBOLISE ROOI ELS' IDEAL OF TRYING TO MAINTAIN A PRISTINE ENVIRONMENT FOR ALL ITS ECO-SYSTEMS.

THE BLUE BACKGROUND SYMBOLISES THE ICONIC KLEIN HANGKLIP MOUNTAIN AND ALSO REPRESENTS THE WAVES OF THE OCEAN.



SECURITY TIPS FROM ASK

During the last few months there have been a huge number of burglaries in the Betty's Bay, Pringle Bay and Rooi Els area. It seems that this is because of the increased number of criminals from the Strand and the Cape Peninsula who have discovered that the area is an easy target. The area is an easy target because there is only a small number of permanent residents, many houses do not have alarm systems, many alarm systems are not connected to security companies and the environment is ideal for theft. The local police have committed themselves to solving the problem and have arrested a large number of the culprits and have increased their visibility in the area. They are however, also restricted by factors such as the environment and resources.

The burglaries will most likely continue at a high rate as long as it remains easy for the criminals. Each homeowner also carries a responsibility to secure his or her property. The ideal defense against a burglary is an alarm system which is connected to a security company that will respond to the alarm when the alarm system is triggered. It is also necessary to ensure that both the alarm system and the security company adhere to certain standards to ensure that it provides real protection for your property.

The alarm system should cover the entire house, because it can happen that burglars will only break into rooms that are not protected by motion detectors and then the alarm system does not serve its purpose. It is worth investing in a good quality alarm system as it performs an important function, but in the final instance it is only electronic equipment and fallible. Ensure that the alarm system that you have installed does not limit you. In our area it is also better to make use of a radio communicator, rather than a telephone to communicate with the security company as the burglars can disable the telephone before entering the premises.

The alarm system is an electronic device with a battery, resistors and many other things that need maintenance and ideally should be serviced annually. It is the responsibility of the client to regularly request the security company to service the system. Electronics age very quickly and it is necessary to upgrade the system from time to time to ensure an efficient service. The quality of the installation of the alarm system is also important, because a bad installation can result in problems. Preferably the security company needs to be a locally based in order to serve you properly. Ensure that your security company makes use of recognized products, a proper radio system and has the necessary infrastructure to support you. Security companies do not replace the police or the insurance companies and can only deliver as much as you are willing to pay for.

ANNALISE KIESLING
ASK SECURITY

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

32STE AJV VAN DIE ROOIELS BELASTINGBETALERSVERENING

DATUM: WOENSDAG 29 DESEMBER 2004

TYD 17:00

REGISTRASIE EN BETALING VAN R60 LIDMAATSKAPGELDE VANAF 16:30

PLEK: ERF 239 (WONING VAN NICK EN HANNAH AUGUSTIDES.)

BRING ASB EIE STOEL SAAM!

ROADS UPDATE

BRIEF RECAP

Following receipt by the Municipality of conflicting views from various quarters within Rooi Els, on the appropriate policy for the development of our roads and public access ways, and RERA proposals that a participatory process be conducted to draft a policy proposal for consideration by the Council, Cecile Jonkheid, Area Manager of the Hangklip-Kleinmond Administration, initiated a roads workshop. This workshop was held in July 2004 and attended by representatives from RERA, the Boat Club, REIA, the Conservancy, the Biosphere Reserve Action Group (BRAG), Save Klein-Hangklip Association and the Ward Committee.

Criticisms were made before and after the workshop about the representivity of those present at the workshop and about the workshop process. At the workshop, however, a significant level of consensus was reached on most roads issues and a document was drafted detailing the workshop's conclusions and recommendations. While the attendees of the workshop only recommended that one aspect of the recommended draft policy must be tested with Rooi Els property owners, it was decided that, in view of criticisms of the workshop, a questionnaire should be distributed - scoped to test the community's views on a broad range of roads issues.

The workshop recommendations together with a questionnaire was distributed by the municipality in September 2004.

OUTCOME OF THE "ROADS QUESTIONNAIRE"

Just short of 100 Rooi Els property owners responded to the questionnaire. In order to ensure that the views contained in the completed questionnaires would not be subject to bias, the Municipality sent the completed questionnaires to a skilled independent analyst for analysis.

Feedback from the analyst has indicated that the result is inconclusive for several reasons:

- The percentage response is low;
- About 20% of those who responded were confused by the monochromatic map;
- There is doubt about whether everyone who wanted the questionnaire in Afrikaans received the translated version;
- Many respondents are not familiar with the background to the various roads issues and so may have misunderstood questions posed in the questionnaire.



WAY FORWARD

The Municipality is commissioning the independent analyst to draw up an improved questionnaire, which will be redistributed early in the new year. Insights gained from responses that were made to the previous questionnaire will assist in ensuring that the revised questionnaire is effective.

Further explanation of the recommendations made by the roads workshop will be presented at the RERA and Rooi Els Conservancy Annual General Meetings over the year-end and explanatory notes will be posted on the Rooi Els information board in the CBD.

It is hoped that all Rooi Els property owners will make every effort to understand the recommendations from the July workshop and that everyone will make their views known by responding to the revised questionnaire. Failing this, in the absence of a conclusive outcome, who will decide the roads policy on our behalf ... someone in Hermanus?

ROB FRYER

UPDATE

THE WARD COMMITTEE HAS RECOMMENDED THAT COUNCIL APPROVE AN AMOUNT OF R300 000 FOR RESURFACING OF ROADS IN ROOIELS, PRINGLE BAY AND BETTY'S BAY AS PART OF THE 2005/2006 BUDGET

KAWS NEWS

A SHAGGY DOG STORY

Rex is a Proteadorp township dog; a shaggy sort of Airedale-like mongrel. He's also a born optimist, always exuberant and full of the joys of life! But 3 months ago his exuberance crossed paths with a hit-and-run driver.

Kleinmond Animal Welfare Society (KAWS) got a call from distraught owner, Nicholas Taylor. Volunteer, Yvonne Pretorius, found Rex standing on 3 legs, a smashed front leg dangling like a string of sausages. He needed to get to a vet straight away. She felt his pain as she got him and out of her car. Rex licked her hand. X-rays showed the humerus splintered into five pieces. The options were euthanasia.. amputation.. or expensive surgery.

Throughout the discussions over his fate, brave Rex never stopped wagging his tail. None of the parties could bring themselves to consider euthanasia! So, being a welfare case, Dr Dave agreed to halve his fees, KAWS volunteered to undertake the weeks of post-surgery care, and Nicholas promised to find the money to pay off his share of the amputation over the next 6 months.

But after Nicholas left the consulting rooms a new plan was hatched to save Rex's shattered limb. Dr Dave operated the next morning, inserting two stainless steel pins into the bone shaft and binding the splintered sections together with four circular wires. KAWS would donate a kennel and fencing materials to keep Rex secure in the future... and would also try and raise the extra monies now needed to return Nicholas' four-legged friend with all four legs instead of three!

Today, Rex is recovering well, but R1 630 is still outstanding. Should anyone be able to help KAWS with a portion of this cost, contributions to the 'Rex fund' would be most appreciated. Deposits can be made to KAWS; ABSA branch code 334812, account number 911 962 7962, or given to KAWS volunteers, Estelle le Roux and Chris Burlock, 274 Perspicua Road, Rooi Els, (028) 273 8278.



REX WITH SCAR VISIBLE ON SHOULDER

Rex is just one KAWS story...many have happy endings, many do not.

A bitch gave birth to a litter of puppies in a wrecked car sitting outside her owner's house in Poppedorp. The bitch clambered in and out through the broken windscreen- but the puppies couldn't. Estelle discovered the pups only after they died. The bitch had run out of milk and the owner had not bothered to give the puppies any food or water!

We can turn our backs on the needs of animals in our underprivileged areas... or we can do something! KAWS needs financial help (Life Membership is just R250), as well as hands-on help: dipping dogs, assisting at the KAWS Clinic, recruiting new members, educating children, helping with admin, fostering kittens, collecting Jumble, arranging fundraisings, lending a hand with plumbing, carpentry or fitting out the KAWS Clinic that we are trying to build in Proteadorp... Chris or Estelle will happily give Rooi Elers more information on how YOU can help make a difference!

CHRIS BURLOCK

"WE CALL THEM DUMB ANIMALS, AND SO THEY ARE, FOR THEY CANNOT TELL US HOW THEY FEEL, BUT THEY DO NOT SUFFER LESS BECAUSE THEY HAVE NO WORDS."

- ANNA SEWELL
AUTHOR OF BLACK BEAUTY
(1820 - 1878)

HET JY DIE BOBBEJANE GESIEN?

Ons wat permanent op Rooi-Els woon, het elke dag met die bobbejane te make, veral as jou huis op hul voedingsroete is. Die bobbejane is 'n emosionele onderwerp. Jy kry soveel verskillende menings onder bobbejaan-liefhebbers, bobbejaan-haters en bobbejaan-kenners, en dis te betwyfel of daar 'n finale antwoord is.



Ek het 'n artikel vir *Insig* tydskrif geskryf oor die bobbejane. Die puik fotograaf, Nick Aldridge sou die foto's neem en hy daag hier op met 'n bagasiebak vol toerusting. Ek het die hele dorp gemobiliseer om bobbejaan "spotters" te wees. Sodra hulle die trop gewaar, sou hulle my bel. Die Vissers skakel eerste: Charles die bobbejaan sit op hulle stoep. Nick skiet rolle film op Charles: Charles loer deur die tralies, Charles wys tande, Charles vreet rosyntjies uit Milené se hand.



Ons soek die hele dorp vol en dra swaar aan die kamera en lense en verkykers en Energade, en die son steek dat die biesies bewe. Nêrens is daar 'n bobbejaan te sien nie. Niemand skakel nie. Niemand het die trop gewaar nie. Ons is Pringlebaai toe. Niks. Geen bobbejaan nie

Die res van die trop is weg. Die vorige week nog het hulle die hele dorp vol gekattemaai en gehang aan tralies en geswaai aan geute en die vullistreier se draadhok suksesvol oopgemaak. Hulle het seeghwarriebessies en suurvrytjies gevreet en op die balkon gesit en tuur oor die see. Maar nou is hulle weg.

Ons kom terug, en daar by die Groen Klipmonster, digby die pad na die drinkwater dam, kry ons 'n splintertrop wat bestaan uit: 'n mannetjie in die Leucadendron bos, 'n groot wyfie met rooi ballon boude, 'n jong moeder met 'n pienkgevreet aan die pens, twee adolessente wyfies wat na die kleingoed omsien, twee tieners wat boks in die afvoersloot, en vyf kleintjies wat kordaat manewales uithaal.



Toe ons uitklim, beweeg hulle effens weg. Die ouer bobbejane hou ons dop, en loer veral na die lang lens. Die jonger bobbejane hou konsert. Mettertyd raak hulle al rustiger en ons gaan al nader. Klik, klik, klink die kamera. Later is ons so naby, dat Nick 'n korter lens moet aansit. Die wyfies wei en die Alfa mannetjie sit reg voor ons en vreet verbete aan die geel toletjies. Die kleintjies kalmeer en sit ons nuuskierig en dophou.



Wat ons hier gesien het, is heeltemal anders as die bobbejaantrop in die dorp. In die dorp is hulle gespanne en van hulle is vol aggressiewe energie. Van hulle is vandaliste. Hier in die veld is hulle net bobbejane tussen die sewejaartjies en die wildedagga. Hulle is wilde diere in die natuur.

'n Motor hou stil. 'n Vrou klim uit, neem 'n foto, klim terug, en hulle vertrek. (*Seen that, done that, got the picture*). Nog 'n motor, hierdie keer met twee toeriste, elkeen met sy eie kamera. Hulle boender hier tussen ons deur, en trap die fynbos plat. Die Alfa-bobbejaan draai sy profiel.

Hierso, sê die man. Hy wil 'n portretfoto neem. Die bobbejaan gaap en wys sy slagtande - 'n teken van intimidasie in bobbejaantaal. Die man het nie 'n saak nie, hy wil sy foto neem. Hy maak eienaardige "oerwoud" geluide. Die hele trop staan op en beweeg stadig weg deur die bosse. *Daar's nog!* Skree die vrou.

Hulle het sowaar nie voorheen die res van die trop opgelet nie. Hulle het nie gesien hoe die ma die kleintjie uit die pad trek toe 'n motor aankom nie, nie gesien hoe daar vlooi gesoek word nie, nie gesien hoe die baba gesoog word nie, nie gesien hoe 'n speletjie ontstaan nie, nie gesien hoe skerm-tegnieke geoefen word nie, nie gesien hoe 'n toletjie met die voortande gewerk word om die vrug uit te kry nie. Die man het 'n foto van twaalf agterstewes, waarvan een erg pienk.


Maar ons het ons foto's. Sien die Januarie/Februarie uitgawe van *Insig*.

G - FORCE!

GEDOENTE VAN DIE TWEE "G'S" EN DIE INBREKERS

It must have been about 9pm on the evening of 19th October that Thor the thunder god, with rumbling stomach and belching fire, rolled across the heavens. I could not resist this display and stood on our balcony, gazing in awe across False Bay.

But what was that? A light in the Truran's cottage? They were not there. Must be my imagination! In the dark I reached for my binoculars as a small white car with an inscription on the door passed in that direction. The security company perhaps? But it turned down Rocklands away from the Truran's. Another reflected flash from the Truran window caught my eye - burglars? Could it be? They had been very active lately. I phoned Gerard for the Security Company number. As he was reading me the number, he saw vehicle headlights returning. Should he stop them? Yes, of course.



DIE TWEE "G'S": GEOFF HARRIS EN GERARD SCHOLZ

I reported the incident and headed out my front door. A Coney Island scene. Three cars, flashing lights, people milling around - *die hele lot*. And Gerard standing there *oopmond* and his fancy Chinese torch still flashing furiously.

The car he had stopped contained three men and a pile of duvets, blankets, household goods etc. The other two cars belonged to the Kleinmond police who had been tailing the alleged thieves when Gerard stopped them. They were hauled out of their vehicle, efficiently handcuffed and carted off to Kleinmond.

Next morning we heard that another four thieves had been caught red-handed in No. 151 (which is just behind the Truran's) later that night. Was it perhaps them 'casing' the Truran's with a flashlight that caught my eye?

Well done locals, and well done police - all very cool and professional. (The police, I mean, *want ons twee local yokels se monde hang nog oop!*)

GEOFF HARRIS

4DE BIOSFEER -KUNSUITSTALLING: BRAND!

13 KUNSTENAARS VERSKEIE MEDIA

23 - 30 DECEMBER CLOSED 25 DEC

260 PERSPICUA ROAD

10H00 - 17H00

4TH BIOSPHERE ART EXHIBITION: FIRE!



WAAROM NIE EK NIE?

Ek het gehoor klank gaan nooit verlore nie, en ek het geleer, woorde het 'n manier om te boemerang. Heel dikwels in die onlangse verlede het ek begin sê dat ek te veel goed het; honderde CD's waarna ek selde luister, juwele wat ek nooit dra nie. Ensovoorts. En toe op 30 Augustus kom die diewe in die nag, soos die Bybel sê, en dra behÓórlík weg. Toe ek die nuus kry, het ek dit half gelate aanvaar, maar die geestelike bruggie moes ek oor.

Toe word inventaris opneem, van wat weg is, en van wat nog is, 'n traumatiese ervaring: artikels wat lankal oorbodig verklaar was, het skielik 'n taamlike prys gekry, en van die gesteelde artikels se vervangingswaarde was meteens skaars 'n derde van wat ek daarvoor betaal het, dinge soos die Nikon 401 kamera, addisionele lense en flitse en 'n Yamaha musieksentrum, die baie duur vleklose staal eetgerei in die buiteland aangekoop. Gevolglik 'n verlies van ongeveer R85 000 en in totaal onderversaker met R35 000. Die assessor het vriendelik verduidelik dat sou SANTAM uitbetaal dit ongeveer R70 000 sou wees. Sy aanbeveling sou egter negatief wees omdat volgens kontrak alle oopmaakbare vensters en deure van diefwering voorsien moes wees en die diewe, volgens hom soos by die ondersoekbeampte verneem, 'n venster sonder diefwering sou oopgedwing het. Dit was egter duidelik, en bevestig deur die polisie, dat, ironies genoeg, ingebreek is by 'n venster met diefwering, tydelik aangebring deur die prakties-denkende Chris nadat ook die bobbejane vroeër daardeur toegang verkry het. SANTAM weier inderdaad om te betaal, maar danksy die bobbejane en Chris het ek 'n logiese argument!

Die 'engele' van Rooiels begin dans; 'n goeie vriend onderneem om die saak met die versekeraar op te neem; 'n prokureursvriend bel en gee raad; nog 'n vriend, ook 'n regsgeleerde, loop oor en gee raad; 'n musieksentrum en 'n paar CD's word afgelewer vir tydelike gebruik, 'n skêr geleen. Ek koop potte en panne, en linne vir my bed, skaf 'n alarmstelsel aan. 'n Vriendin bel en sê sy wil vir my iets koop en ek mag nie nee sê nie *'anders is jy ongehoorsaam, Lida'*. Ek sê dankie maar wag eers, ek kan klaarkom. Ek sê dit vir almal wat wil help. Sny my naels by 'n vriendin, eet elke dag met silwer eetgerei, en wag. En ek bid: Here, smokkel asb met SANTAM se 'koppe' sodat ek ten minste iets terugkry vir die noodsaaklike - ek benodig minstens 'n rekenaar. Ek vra ook vir 'n werksgeleentheid.

Maandagoggend, 4 Oktober, lees ek in *"My Utmost for His Highest"* by die verkeerde datum: *Our human pride entrenches itself on this point and we say: I will never accept anything from anyone. We shall have to or disobey God. We have no right to expect to be in any other relation than our Lord Jesus Himself was in. (see Luke viii. 2-3).*

Skaars 'n halfuur later bel 'n buurvrou, vra watter programme ek gehad het, hulle wil vir my 'n rekenaar gee. Ek lag verbaas, en aanvaar met grasie - in die lig van wat ek so pas gelees het. 'n Rukkie later bel my skoondogter uit Pretoria en vertel dat kennisse van ons 'n bestuurder soek vir hul 4-ster gastehuis in die Wildernis - stel ek nie dalk belang nie? Toe ek van my skrik herstel het, bel ek.

Ek dink dit was ook dieselfde dag wat 'n ander vriendin my uitnooi na 'n 'laat-lente ete' twee aande voor my vertrek na Gauteng. Daar aangekom, vind ek die baaskokke van Rooiels aan't woel in die kombuis en heelwat gaste. Ek raak suspisies oor die aard en doel van die samekoms, en vermoed dat dit dalk oor die paaie mag gaan. Die aandjie verloop heerlijk gesellig in die lieflike ambience van my vriende se huis. Dit eet en drink en wees vrolik en ek vermoed niks. Dan kry elke gas 'n klein bruin papiersakkie met 'n sjokolade, en 'n boodskap wat eers tuis gelees mag word. Tuis verkneukel ek my oor die dik rol 'speelgoedgeld' in myne, Toe ek besef dis regte geld, wonder ek of die verkeerde sakkie aan my oorhandig is, daar staan slegs 'recycle' en 'Afr' op. Sien dan die sirkelvormige briefie, my naam *slap bang* in die middel, konsentries daaromheen die name van al die gaste en ook 'n paar afwesiges - *because we care*.

Ek huil sporadies deur die nag oor die lieflike omhelsing.

Sjoe!

Dankie al julle liewe engele.

SANTAM het toe uitendelik ongeveer 'n derde van die verlies betaal.

Ek begin 8 Januarie by *Emma's Gift* in die Wildernis.

Ek voel oneindig dankbaar teenoor my Skepper wat my deur hierdie ervaring bevry het van enige verknogtheid aan huis en haard, my onafhanklike gees 'n sagte knakkie gegee het en my geleer het dat gehoorsaamheid aan Hom ook tot seën van my medemens werk. . (Amper sê ek amen . .)



WOORDE IN DIE WIND: MELANIE GROBLER

'N GESPREK OOR GEDIGTE, METAFORE EN PERSOONLIKE MITOLOGIE

Op 'n soel windstil Augustus-aand op Rooi Els het digter Melanie Grobler en haar dogter Eugenie Grobler, bekende verhoogpersoonlikheid en sangeres, ons kom betower. Dit was die bekendstelling van Melanie se nuutste digbundel, DIE WATERBREKER. Ma en dogter is geesgenote wie se gedigte en sang mekaar inspireer. Die aand was aangebied as 'n indiepte kreatiewe gesprek tussen hulle twee. Die wye ryk stem van Eugenie het die gesprek geopen met die voorsang van haar toonsetting van een van Melanie gedigte. Melanie se antwoord was 'n gedig oor 'n nagtegaal wat sy vir Eugenie geskryf het.



MELANIE GROBLER & ANDREAS
CLAASSENS

Die Pringlebaai-omgewing vind telkens gestalte in Melanie se gedigte Sandra Kotze het 'n gedig oor die wind, die kleure van die veld en 'n nat dassie, treffend voorgelees en die gedig se emosionele profiel verder vertolk en ingekleur.

Na sop en brood het ons terug gekeer na die pitkosgesprek en mense was honger vir saamgesels. Skrywers Petra Muller en Dine van Zyl, het nuwe stuwinge en momentum aan die gesprek gegee. Dorian Haarhof, skrywer, digter en lektor het ook bygedra tot die rykdom van stories en metafore wat hy in sy werksinkels gebruik. Die aand het wyer en wyer uitgekling. Ons wou net nie ophou gesels nie..

EVETTE WEYERS

VANNAG KAN EK WEER SKRYF AAN DIE LAND SE KANT IS HANGKLIP
'N SKUIWENDE BERG WAT UITMOND IN VLAKTES WAAR BRANDERS IN BLOU LYWE BAAI
'N LANDSKAP WAAR DIE PIEK SE WIGSPEL MET DIE MAAN
RONDOM DIE RONDING VAN DIE AARDE SPEEL
DIE BERG SE LIP SLAAN PAD NA BETTIESBAAI, KLEINMOND,
ONRUS, VERMONT NA HERMANUS STROOM DIE MOTORS
MET HOOFLIGTE WAT SWAK PROBEER OM DIE NAG TE TEM VEEL VERDER, BY
MOOI HAWENS, STAAN PIKKEWYNE KOP ONDER VLERK
'N ALBATROS VOU VLERKE OM DIE BERG DEUR DIE GROOT DRIEHOEK-
VENSTER VAN MY HARTSHUIS DEUR DIE SAGTE MOTLAG-REEN
KYK EK NA DIE WISSELWERKINGE VAN SAND TUSSEN BERG EN STRAND

- MELANIE GROBLER,
UIT: VANNAG KAN EK WEER SKRYF, DIE WATERBREKER



THE SOUTHEASTER

THE SOUTHEASTER IS AS MUCH A PART OF LIFE IN THE CAPE AS GOOD RED WINE AND TASTY SEA FOOD, ALL OF WHICH CAN HAVE THEIR UP, AND DOWN SIDES.

The up side of the southeaster is that it keeps our air clean, and it keeps us cool while, on the down side... ask many of our touring visitors.

Capetonians are very loose in their definition of the Southeaster - any strong wind that comes from a sector between East and Southwest can be labeled a Southeaster.

Meteorologically, the Southeaster is part of the anticlockwise circulation around the South Atlantic High pressure cell, a permanent feature on weather maps of the subtropical portion of the Atlantic Ocean. The greater the pressure difference between the High and adjacent areas of Low pressure, the greater the speed of the winds circulating around the periphery of the High.

Our mountains channel the wind, horizontally, into corridors of strong wind such as may be experienced on the Cape Flats between Table Mountain and Tygerberg or Windgat between Rooi Els and Pringle Bay.



KETIH MOIR

Vertically the mountains form a block that the wind will attempt to surmount. A "wind wave" develops and close by the downwind side of a steep mountain a "lee" or calm region can be found. During strong Southeaster episodes, this calm area can be identified in places on Clarence Drive between Rooi Els and Kogel Bay. Another good example can be found on the Clifton beaches.

Further down wind of the mountain, the wave touches down on the surface causing a moving area of extreme air turbulence. These turbulent areas are typical of Rooi Els during a strong Southeaster episode, whipping up sand and dust and rattling the windows at one moment while quieting down shortly thereafter. It is this same turbulent area that appears to "blow holes" in the ocean.

"AL TRAP JY HOE AL LOOP JY VER
SEDOOS DIE WAAI JOU SPORE DOOD
DIE MAAN SKYN MOOI HOOG BLINK DIE STER
MAAR JA JOU SPORE WAAI TOG DOOD
AL DIG JY FYN AL RYM JY SLEG
SEDOOS DIE WAAI JOU WOORDE WEG
MENS DINK SOMS HY IS WIE WEET WAT
SEDOOS SKEP HOM EN HY IS WEG"
BOERNEEF

Another characteristic of this downward flowing air in the lee of our mountains is the berg wind effect. Rooi Els is often markedly warmer than Betty's Bay. Air forced down the mountain into Rooi Els is warmed by compression on the downwind slopes, cloud dissipates and warmer, drier conditions result.

Temperature also modifies the Southeaster. In the Boland, away from the cooling influence of the ocean, afternoon temperatures soar during summer. Cool air from the coast rushes inland striving for equilibrium in the atmosphere. The resultant "sea breeze" increases the speed of the Southeaster during the summer.

